88080004

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Wednesday 19 November 2008 (morning)
Mercredi 19 novembre 2008 (matin)
Miércoles 19 de noviembre de 2008 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.


© International Baccalaureate Organization 2008

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van 'n Deel 2 werk van dieselfde genre insluit indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke nie, sal nie 'n hoë punt behaal nie.*

**Drama**

**1.** (a) In die drama ontplooi karakters deur die wyse waarop hulle op verskillende krisisse reageer. Deur te kyk na die gelese drama, gaan na hoe karakterontwikkeling plaas in tye van krisis.

*of*

(b) Die bou van die drama word gekenmerk deur 'n opbou van konflik tussen karakters, gevolg deur 'n lotsbepalende botsing, wat tot 'n katarsis lei. Demonstreer hoe dié tipiese struktuur hom in die gelese werke manifesteer.

**Poësie**

**2.** (a) Poësie verteenwoordig 'n intense moment, 'n oomblik van insig, vasgevang in enkele bindende metafore. Bespreek die geldigheid van die stelling deur na gelese poësie te verwys.

*of*

(b) Poësie is al so beskryf: *Druiwe van die lewe word omgestook tot wyn van die poësie*. Hoe vang die vergelyking die aard van poësie vas? Verwys na bestudeerde poësie.

**Roman**

**3.** (a) In watter mate kan die romans wat jy gelees het, beskou word as verhale wat binne 'n heel spesifieke kulturele konteks afspeel? Reageer met spesifieke verwysings na gelese tekste.

*of*

(b) Dit is insiggewend dat in verhalende werke die karaktertrekke wat meebring dat karakters slaag of faal, universeel dieselfde is. Watter karaktertrekke het jy gevind bring sukses of mislukking vir karakters mee?

**Kortverhaal**

**4.** (a) "Die goeie kortverhaal is 'n fyn web: raak jy aan die openingsparagraaf, dan tril die slotparagraaf saam." Wat sou met die stelling bedoel word? Is dit jou ervaring van die kortverhaal? Reageer met spesifieke verwysing na gelese verhale.

*of*

(b) "Die goeie kortverhaalskrywer skryf nie 'n enkele oorbodige sin nie. Daarvoor is die genre te kompak. Elke woord, elke sin tel." Deur te verwys na gelese kortverhale, beredeneer die geldigheid van die opmerking.

**Algemeen**

**5.** (a) Die filosoof het op 'n keer gesê: "As my eksistensiële pyn te erg word, dan sluit ek myself toe met boeke: poësie, essays, romans. Dit maak leef draagbaar – vir die oomblik." Kan jy saamstem met die filosoof stem t.o.v. sy oplossing vir akute lewenspyn? Hoe kan die letterkunde die problematiek van menswees aanspreek?

*of*

(b) In watter mate stem jy saam dat letterkundige werke oorredende morele inhoud in hul omdra en dat hulle daarmee 'n belangrike vormende invloed op kinders kan hê.

*of*

(c) Wat is die deurlopende dilemmas wat die mens besig hou – soos beliggaam in die gelese werke?

*of*

(d) Letterkundige werke wat die sterkste tot ons spreek, is dié wat ons skerp insig bied in die mens as sodanig. Deur na spesifieke gelese werke te kyk, bespreek die geldigheid van die stelling.

---